

HISTORIESE NAVORSINGSMETODE – soos dit tans op skool onderrig word en met genealogiese bronne as voorbeelde

Lesing aangebied by GGSA Noord-Transvaal en GGSA Wes-Gauteng.
Johan Barkhuizen, 0832742840, johan@barkhuizen.co.za, www.barkhuizen.co.za

1. GESKIEDENIS AS SKOOLVAK

Ons sukkel maar om geskiedenis as skoolvak te bevorder. In Gauteng was daar met die eindeksamen in 2010 ongeveer 15 000 geskiedenis leerlinge terwyl Fisiese wetenskap 150 000 leerlinge het. Die getal Afrikaanse geskiedenisleerlinge in Gauteng is maar ongeveer 400. Die sillabus het gebreke en is baie gefokus op menseregtegeskiedenis, maar al die belangrike gebeure van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is tog nog deel van ons onderrig.

Die heel beste van die Uitkomsgerigte benadering of "OBE" in Geskiedenisonderrig is egter die assesseringstandaarde wat gebaseer is op die historiese navorsingsmetode.

Elke dag se onderrig:

Ek sal nie in 'n klas instap en 'n lang vervelige lesing oor geskiedenisfeite vir die kinders gee nie. Elke leerling kry 'n historiese bron en dan begin ons werk. Terwyl ons besig is met die vaardighede soos bronnekritiek, analise en interpretasie, is die kinders ook besig om die feite te leer. Dis mos maar wat ons as genealoë ook elke dag in die praktyk doen.

Daar is vier leeruitkomste en verskeie assesseringstandaarde wat onderrig en getoets moet word. Hierdie standaarde waaraan elke kind moet voldoen is gebaseer op die historiese metode. Ons onderrig die assesseringstandaarde en die vrae wat gevra word in 'n eksamen is gekoppel aan 'n spesifieke assesseringstandaard. Ons gee dus punte vir elke afsonderlike standaard of vaardigheid waaraan 'n historiese navorser moet voldoen.



Fotos van my klasse wat die Voortrekkermonument en die Erfenisentrum besoek. Oor, Zane, die seun wat so met sy vinger wys het ek later iets te vertel.

2. Historiese Metode en Genealogie

Alhoewel ons in genealogie dikwels van verskeie navorsingsmetodes, soos kwalitatiewe (mense se ervarings en persepsies), kwantitatiewe (statistiek soos Heese se groep %), gevallestudies en ook natuurwetenskaplike metodes (DNA), gebruik maak, bly genealogie in wese maar geskiedenis. Geskiedenis het 'n eeue-oue navorsingsmetodologie en ons is redelik goed daarmee bekend. Tog kry 'n mens in genealogiese handleidings baie wenke oor waar om bronne te vind maar min gee aandag aan wat jy met die bron doen.

Doel met die lesing

As ons na die navorsingsmetode kyk wat ons op skool in geskiedenis aanbied dan kan ons as genealoë baie daaruit leer. Ek gaan dus fokus op hoe ek die geskiedenis deur middel van die navorsingsmetode op skool aanbied.

In die tweede plek sal ek voorbeelde uit my eie genealogiese navorsing gebruik (in plaas van 'n skoolgeskiedenisstema) om die navorsingsvaardighede te verduidelik.

Derdens is daar ook 'n voorbeeld hoe ons genealogie kan gebruik om geskiedenis vir skoolkinders interessant te maak.

3. DIE BASIESE STAPPE VAN DIE NAVORSINGSMETODE

- 3.1 Navorsingsvraag en probleemstelling (bladsy 3)
- 3.2 Vind van bronne en inligting (bladsy 5)
- 3.3 Analiseer bronne (bladsy 6)
- 3.4 Sintese van inligting (bladsy 19)
- 3.5 Skryf die navorsingsverslag (bladsy 20)

Hoe onderrig ek die metode?:

Ons sal 'n nuwe tema begin deur navorsingsvrae te formuleer.

Dan help ek hulle waar om bronne te soek wat 'n antwoord op die navorsingsvraag sal verskaf.

Ek gebruik dan geselekteerde primêre en sekondêre bronne om die vaardighede van analise soos bruikbaarheid, betroubaarheid en onttrek van inligting te onderrig. Vervolgens leer ek hulle hoe om die inligting wat hulle uit die bronne verkry het te organiseer en om gevolgtrekkings te maak wat die vraag beantwoord. Uiteindelik word baie aandag gegee aan hoe om die navorsingsverslag te skryf.

Die stappe word ook glad nie in volgorde aangepak nie. 'n Mens doen baie goed gelyktydig en kom weer terug na eerste stappe.

Elkeen van hierdie stappe sal nou in meer besonderhede bespreek word.

3.1 Navorsingsvraag en die probleemstelling.

Leerlinge moet die geskiedenis as 'n reeks kontekstuele vrae oor die verlede sien wat beantwoord moet word. Sentraal in die beantwoording van hierdie vrae is die analise van primêre en sekondêre bronne wat inligting bevat vir die beantwoording van die vrae. As leerlinge eers die verlede as 'n reeks vrae sien, dan word die inligting – die historiese bronne – die middelpunt in die debat oor die antwoord.

Navorsing is bloot die versameling van inligting wat jy nodig het om 'n vraag te beantwoord en daardeur 'n probleem op te los (wat ook vir jou leser belangrik is).

Navorsing is in wese 'n antwoord op 'n vraag. Dit is ongelooflik hoe baie mense verkeerdelik dink dat hulle navorsing oor 'n onderwerp. Miskien is dit omdat selfs ervare navorsers hulle navorsing in kortbegrip stel. Ek sê self maklik "Ek doen navorsing oor die Barkhuizens". Natuurlik begin die hele proses by 'n tema maar die beginpunt van goeie navorsing is altyd wat jy nie weet en verstaan nie maar voel dat jy moet.

As 'n leerling dus 'n opdrag kry om byvoorbeeld navorsing oor die sprinkaan te doen, help hulle maar om 'n navorsingsvraag te formuleer. Gebrek aan 'n gefokuste vraag lei tot die "cut en paste"- onding. Mense versamel eindeloos en doelloos inligting. Dan stapel hulle net al die inligting wat hulle kry opmekaar en noem dit navorsing. 'n Leser van so 'n stapel inligting sal sê: "Ek sien nie jou punt nie, dis net 'n "data dump".

Die proses begin wel by die keuse van 'n **TEMA**.

Breë tema (Te breed as jy dit in minder as vier of vyf woorde kan sê)

Bv. Die wel en weë van persoon X, Die lewe en werk van persoon X

Gefokuste tema: Let op met die beskrywing van jou tema na die gebruik van spesiale selfstandige naamwoorde wat in werkwoorde verander kan word. bv. bydrae, deelname,

In die leefwêreld begin navorsing dikwels met 'n probleem wat raakgesien word. Dit kan 'n leemte in navorsing, of net iets soos "Wie was my voorvaders?" wees.. In Familia word dit dikwels mooi gedoen deur die vet gedrukte deel aan die begin.

Dan moet die **VRAAG** geformuleer word. Die vraag is van kardinale belang in navorsing. Dit bepaal watter inligting ingesluit word in die uiteindelijke verslag. Dit bepaal watter bronne gebruik word. Dit gee legitimiteit aan die navorsing – dit is die rede hoekom ander dit sal wil lees. Dis waarom dit navorsing genoem word.

Op skool sal sekere tipe vrae op 'n skaal beter punte kry. Wie?, wat? waar? en wanneer? is geslote vrae, met eenvoudige enkelwoord antwoorde. Dis belangrike vrae maar nie goed vir 'n navorsing nie. Dit kan wel as tipiese subvrae gebruik word.

Oop vrae, soos hoekom? en hoe? maak die deur op vir navorsing. Oop vrae het dikwels nie 'n spesifieke antwoord nie en lei tot verskillende interpretasies. Dis eintlik wat ons wil hê. Oop vrae, wat ons uitlok, moedig ondersoek en diskussie aan.

Die derde aspek is dat die beantwoording van 'n navorsingsvraag tog 'n **DOEL** moet hê. 'n Mens sien dikwels in akademiese skryfwerk dat die koste van "nie weet nie" vir die leser uitgespel word. Op hierdie manier word die vraag eintlik 'n **probleemstelling**. Ja, daar is 'n subtiele verskil tussen 'n vraag en die probleemstelling. Op skoolvlak doen ons dit maar eenvoudig en hou eerder net by die doel. Die doel van die navorsing kan dus ook iets prakties, soos die bewaring van die erfenis en kultuur wees of om mense 'n begrip van die familiegeskiedenis te gee. Hou in gedagte dat die koste van die probleem vir die leser belangrik moet wees. Ek dink met genealogie kan mens bietjie op lesers se gevoel speel soos trots en samehorigheid van 'n familie.

Martinus Jordaan se toerismoete ,in sy verhandeling oor die Jordaan-familie, is 'n mooi voorbeeld van 'n praktiese doel. Ek laat die doel met navorsing dikwels aansluit by 'n entrepeneurstema. Kinders gaan die navorsing gebruik om 'n toerismoete te bedryf of as toergids te werk of 'n brosjure te skryf wat verkoop kan word.

My leerlinge gebruik die volgende formaat tydens die beplanning van die navorsingsvraag:

Ek doen navorsing oor(die tema)...

sodat ek kan uitvind (die navorsingsvraag)

met die doel om ... (die doel van navorsing)

'n Meer gevorderde formaat sal die volgende wees:

Tema: Ek bestudeer _____

Vraag: omdat ek wil uitvind wat/hoekom /hoe _____

Betekenis/Belangrikheid : sodat ek my lesers kan help verstaan _____

Praktiese toepassing: sodat lesers kan _____

Gaan probeer dit met jou eie navorsing. Die formulering van 'n navorsingsvraag verdien meer aandag. Ek het maar met my eie studies en ook met my familienavorsing lank oor 'n navorsingsvraag geworstel. In 'n omvattende familiegeskiedenis sal elke hoofstuk of onderafdeling ook 'n eie navorsingsvraag of subvraag hê. Voorbeelde:

- Karel Schoeman: Lewe en loopbaan van Hendrik Schoeman uit Bosau in Holstein, aan die hand van VOC dokumente oor hierdie onbelangrike 18e eeuse Kompanjiedienaar.
- Watter bydrae het Jan Willem Barkhuysen tot die samelewing van die Swellendam distrik tussen 1766 en 1812 gelewer?

'n Navosingsvraag wat na die verhouding of verband tussen verskillende sake verwys kan mens as 'n substantiewe vraag beskou. Bv. Hoe het die grondbesit, rykdom en uitgebreide familiebande van Jacomina van Rensburg bygedra tot die status en ekonomiese vooruitgang van stamvader Jan Willem Barkhuizen.

Ek dink julle kom agter dat die wie?, wat?, waar? vrae lei meer tot die samestelling van 'n familieregister maar dat "oop" vrae weer sal lei tot 'n familiegeskiedenis, familiechroniek of Familia-tipe artikels.

3.2 VIND VAN BRONNE

Die vraag bepaal die bron.

Die vind van bronne is die stap wat op die formulering van 'n vraag volg. Dit wys weer hoekom die formulering van 'n navorsingsvraag so belangrik is. Soos reeds genoem bepaal die vraag watter bronne jy moet soek. As jy byvoorbeeld wil weet wat die geboortedatum van iemand is gaan jy dit tog nie in die argief van die Kommandant generaal van die ZAR soek nie. 'n Doopregister of sterfkennis sal die beste bronne wees.

Wat is historiese bronne? Bronne is die rou materiaal waarmee historici werk. Historici skep 'n siening van die verlede deur oorblyfsels uit die verlede of dit wat oor die verlede geskryf is, te gebruik.

Ons het maar 'n gesukkel om kinders te leer dat die internet net 'n klein deel van die bronne is. Maar ek moet eerlik wees dat webblaaie op die internet toenemend 'n indrukwekkende hulpmiddel word. Ek lees onlangs 'n artikel in Familia waar die skrywer 'n baie goeie stuk geskryf het maar ek besef na die tyd dat hy nie sy boude voor die rekenaar opgelig het nie. Alle bronne is of op die internet te kry of hy het mense betaal om die inligting vir hom te gaan kry. Ek noem dit nie om krities te wees nie (ek doen self altwee) maar om te wys hoe die aard van bronne-opsporing verander. Ek gee altyd vir die kinders raad om maar self te soek na bronne. Dis 'n belangrike deel van jou groei as navorser. As hulle heeltyd na die biblioteektannie toe hardloop gaan hulle eendag ou maar onervare navorsers wees.

Die assesseringskriteria op skool vir die bronnelys van leerlinge is die volgende: Is toepaslike bronne vir die spesifieke navorsingsvraag gekry? Is daar sekondêre en primêre bronne? Het die leerling darem so drie verskillende tipes bronne gebruik soos Internet, ensiklopedie, fotos, kaarte, ens?

Ek glo ons GGSA NTvI-tak se bestuur doen baie moeite om die verskillende genealogiese bronne uit te wys en ek gaan dus nie verder daarvoor uitwei nie.

3.3 ANALISE VAN BRONNE.

Watter vrae vra 'n historikus oor bronne?

'n Mens kan nou tereg vra: "Wat maak ek met die bron?"

'n Deeglike analise van die inligting wat deur die bron verskaf word, die motiewe van die opsteller van die bron, die konteks van dit wat bestudeer word en 'n vergelyking met ander historiese feite sal die leerlinge help met 'n moontlike antwoord op die historiese vraag wat ondersoek word. Ons leer dus die kinders om bronne te analiseer deur 'n verskeidenheid vrae oor bronne te vra.

Op Universiteit is ek nog geleer van Eksterne kritiek en Interne kritiek op bronne. Alhoewel ons nie op skoolvlak meer van hierdie terme gebruik maak nie is die tipe vrae wat gevra word maar presies dieselfde. Eksterne kritiek gaan oor die uiterlike van die bron en Interne kritiek gaan oor die feite-inligting wat in die bron opgesluit is.

3.3.1 ANALISE - EKSTERNE KRITIEK

Die assesseringstandaarde wat die kinders moet bereik ten opsigte van die "eksterne" kritiek, is gemik op twee aspekte van die bron – die tipe bron en tweedens oor die betroubaarheid van die bron.

Een van die vrae, wat maar altyd in 'n vraestel is, gaan oor die **TIBE BRON** en daardie spesifieke bron se sterk- en swakpunte.

Ons leer die kinders die volgende kategorieë ten opsigte van bronne:

- Tipe bronne: bv. geskrewe, visuele, kunswerke, artefakte, mondelinge getuienis.
- Tyd/Datum geskep: primêr en sekondêr. 'n Primêre bron is dus 'n bron wat geskep is in die tyd wat ons bestudeer. Dis is 'n ooggetuie verslag, of wat iemand uit daardie tyd gesê, gedink of geskryf het. 'n Sekondêre bron is 'n moderne historikus wat 'n omvattende en goed nagevorste verslag, gegrond op primêre bronne, skryf waarin die skrywer se eie interpretasie gegee word.

Let wel dat bogenoemde bloot kategorieë is en eintlik niks of baie min oor die betroubaarheid en bruikbaarheid sê nie. 'n Primêre bron is nie noodwendig meer betroubaar as 'n sekondêre bron nie en 'n skriftelike bron is nie meer betroubaar as 'n mondelinge bron nie. Daar is tog baie algemene stellinge reëls wat historici deur die jare opgestel het oor betroubaarheid, bv. artefakte is beter as geskrewe bronne, primêr is beter as sekondêr ens.

'n Tweede tipe "Eksterne kritiek" –vraag, wat ons in 'n vraestel sal vra, gaan oor **BETROUBAARHEID** van die bron. Betroubaarheid sal julle sien het in 'n baie groot mate met die integriteit van die skepper van die bron te doen. Bv.

- Wie het die bron geskep?
- Wanneer is die bron geskep?
- Wat was die doel daarmee?
- Vir wie is die bron geskep?
- Wat is die verhouding tussen die bron en dit wat ondersoek word?

Ons probeer deur hierdie vrae kinders leer om sonder moderne vooroordele na 'n bron te kyk. Ons probeer om hulle as ware in die skoene van die historiese mense te plaas sodat hulle die denke en perspektiewe van daardie tyd kan waardeer.

Ons begin gewoonlik lees in sekondêre bronne. Kyk wat reeds gepubliseer is en watter interpretasies is daar in sekondêre boeke.

Wat maak 'n navorser met die inligting wat deur eksterne kritiek verkry word?

Dit is tog belangrik vir jou navorsing om te weet hoe betroubaar 'n bron is. Die betroubaarheid van 'n bron word tog uiteindelik deel van jou argument. 'n Leser van 'n navorsingspublikasie verloor vertroue in die integriteit van die navorser as daar 'n storie deur 'n opvallende swak bron as die alfa en omega opgedis word. 'n Navorser wat egter die lesers daarop wys dat hierdie storie nie bevestig kon word nie maar dit word ingesluit omdat dit die enigste beskikbare bron daarvoor is kry, behou weer die lesers se vertroue.

'n Primêre doopregister sal tog meer geloofwaardigheid hê as inligting uit 'n onbevestigde oord.

VOORBEELD VAN "EKSTERNE KRITIEK"-

Bron 1A Transkripsie van 'n inskrywing uit Tulbagh gemeente se doopregister.

No. 82	't kind Vader	<i>Simon Hendrik Jan Willem Barkhuijsen</i>	Datum 1779
166	Moeder Getg-	<i>Jacomina Jansen van Rensburg Hendrik Eksteen junior, Magdalena Marrick , Simon Hendrik Barkhuijsen.</i>	<i>op 2 Octob</i>

Ek sal beslis hier 'n vraag vra of dit 'n primêre of 'n sekondêre bron is? Ons het hier te doen met 'n getranskribeerde primêre bron wat beteken dat dit nie 'n oorspronklike primêre bron is nie. MAAR dit bly 'n primêre bron.

Daarom sal 'n volgende vraag juis die betroubaarheid van die bron bevraagteken. Iemand het hierdie oorgetik en kon foute gemaak het.

Ek sal dalk verder vra hoe om die probleem van betroubaarheid op te los en leerlinge sal sien dat die lees van die oorspronklike primêre bron eintlik die enigste opsie is om korrektheid te kontroleer.

'n Mens kan ook vrae vra oor die tipe bron en die doel van die bron. Dit is 'n doopregister en dit het 'n godsdienstige doel. Die kerk het daardeur mense wat reeds 'n band met Christus het aangeteken. Dit is nie 'n sogenaamde publieke dokument nie, maar vir die kerk se eie gebruik.

Waarom sou hierdie kerkbron betroubaar wees? Sou die korrektheid van die datum en die spelling van die name vir die kerk belangrik gewees het? Solank hulle die betrokke mens deur sy ouers se name en getuies kon identifiseer was hulle tevrede. Die ouers het seker die name en vanne net gesê, dalk soms 'n kaartjie ingegee met die name op maar die geletterdheid van die kerkamptenare en bevolking speel 'n rol in die akkuraatheid.

Watter probleme kan daar vir 'n navorser met hierdie skriftelike bron wees? Dink aan aspekte soos handskrif, spelfoute, ongeletterdheid in tydperk, kerkamptenaar skryf soos hy hoor?

Wat kan ek leer van die groep mense wat die dokument opgestel het?

Wat beteken die bron vir my?

Leerlinge wil dikwels weet wat nou eintlik die regte antwoord is op hierdie vrae oor betroubaarheid. My antwoord is dat, al spekulêr hulle, wys dit dat hulle soos historici dink. Daar is nie altyd 'n "regte" antwoord nie, maar dis belangriker dat hulle die regte vrae oor die bron vra.

3.3.2 ANALISE - INTERNE KRITIEK

'n Volgende tipe vrae oor bronne is die sogenaamde INTERNE KRITIEK – Dit is vrae oor die inhoud van die bron. Ons wil weet watter inligting kan ons uit die bron kry. Inligting wat direk uit die bron gehaal kan word maar ook perspektiewe, interpretasies en agtergrondinligting (konteks). Analise beteken ook jy moet verstaan wat jy lees en ontleed. Wat is die hoofgedagte van die bron? Is daar 'n boodskap tussen die lyne? Breek die bron op in komponente bv. oorsaak en gevolg, die hoofpunte ens.

Op hierdie stadium werk ons dus met die bron. Dis die lekker gedeelte. Hierdie vrae is vir my die ruggraat van historiese navorsing.

Analise beteken ook die ontleding en verstaan van die bron binne die konteks (agtergrond) van die tydperk/tema. Dit beteken dat die navorser begrip en insig moet hê, van wat die bron sê en om dit te verbind met (agtergrond)kennis wat jy oor die tydperk het. Leerlinge moet dus dikwels die bron **EN** hul eie kennis gebruik om die vraag te beantwoord. (woorde in die bron moet hulle dus met hul eie kennis (wat nie in die bron is nie) verduidelik.)

Die vier tipe vrae wat kinders kry om bronne te analiseer (EN WAT ONS AS GENEALOEË OOK MET BRONNE DOEN) is die volgende:

- **Onttrek inligting uit die bron.** – Haal die feite uit die bron uit.
Dit is gewoonlik maklike vrae in 'n skooleksamen want die antwoord is in die bron en hierdie vraag word ook dikwels aan die begin van die vraestel gevra. Ek is tog verras oor hoe die inligting in 'n bron misgekyk word. Kinders lees swak, of weet net nie altyd waar om in die bron te soek vir die antwoord nie.
- **Betekenis van begrippe in die bron** - jy moet weet wat beteken die woorde in die bron. Dis belangrik om te weet wat die begrippe ,wat gebruik word, beteken. Kennis van begrippe in 'n bron help met die verstaan daarvan.
- **Wat is die interpretasie/ perspektief van die skrywer?**
Dit sluit raaksien van vooroordeel en eensydigheid in.
Ons leer die kinders om te onderskei tussen 'n feit, 'n interpretasie en 'n perspektief. 'n Feit is inligting waaroor daar eintlik geen dispuut is nie. In 'n sekondêre bron praat ons van 'n "interpretasie". Dit beteken 'n weldeurdagte poging, van iemand wat verskeie primêre en sekondere bronne bestudeer het, om historiese gebeure te verklaar. 'n Perspektief dui op iemand se kommentaar op eietydse gebeure.
- **Kontekstuele vrae**
Dit is agtergrondinligting van die tydperk waarin die bron geskep is en ook agtergrondkennis wat in die bron geïmpliseer word. Ons wil weet wat het gebeur in die tyd van die bron en wat meer lig werp op die bron. In watter tipe samelewing staan die bron? Stedelik? Platteland? Ryk? Arm? Vlak van opvoeding?

3.3.3 BRUIKBAARHEID VAN BRONNE

Daar word deesdae in elke matriekvraestel ook vrae oor die BRUIKBAARHEID van spesifieke bronne gevra. Dit is lekker vrae want dit koppel eksterne kritiek, (betroubaarheid en die soort bron) met Interne kritiek (die inligting in die bron).

‘n Bron is dus bruikbaar indien die bron betroubaar is en relevante inligting bevat. Die heel nuutste neiging is ook om vrae te vra oor die leemtes in ‘n bron, maar dit is in wese ook maar ‘n vraag oor bruikbaarheid. Met die vrae oor bruikbaarheid kyk ons ook na stereotipering, subjektiwiteit en leemtes in die inligting.

3.3.4 VERGELYKING VAN BRONNE/ DRIEVOUDIGE BENADERING

Julle het almal met teenstrydige inligting te doen gehad. Wat maak jy as bronne se inligting verskil? Ons vra dus op skool graag vrae oor die vergelyking van bronne omdat dit so deel is van geskiedenis. Bronne se inligting verskil.

Historiese waarheid het te doen met waarskynlikheid. Hoe meer bronne jou feite ondersteun, hoe groter word die waarskynlikheid dat jou feite/gevolgtrekking die waarheid is. Selfs al stem bronne ooreen moet al die bronne steeds die toets van kritiese teksanalise slaag.

Historici noem hierdie vaardigheid drievoudige benadering /“triangulation”. ‘n Begrip wat by landmeters geleen is. Dit beteken maar net dat jy as historikus verskeie metodes gebruik en verskeie bronne moet raadpleeg en dan die beste antwoord bepaal. Hierdie gebruik verhoog die geldigheid en betroubaarheid van jou navorsing.

Die gebruik van verskeie metodes en bronne kan beteken dat inligting saamvloei, verskil, en selfs mekaar weerspreek. As navorser moet jy bepaal waar en hoekom is daar verskille is. In jou storie sal jy verklarings daarvoor gee.

3.3.5 STIL BRONNE? SPEKULASIE.

Wat maak jy nou as die bronne niks oor ‘n saak sê nie? Is iets wat moontlik is waarskynlik?

Neem byvoorbeeld die stelling dat Jan Barkhuysen se gesin op 31 Desember 1791 ‘n oujaarsdans by die Zondags op Avontuur bygewoon het. Dis baie moontlik en heel waarskynlik waar maar daar is geen bronverwysing daarna nie.

Oppas vir spekulاسie oor inligting wat nie uit die bronne duidelik is nie. Daar is sekerlik niks boos aan spekulاسie nie maar dit moet baie spaarsamig en toepaslik gebruik word.

Jy moet onthou dat “waarskynlik” beteken ook dit is “waarskynlik nie waar nie”.

'n VOORBEELD VAN VRAE OOR INTERNE KRITIEK.

Voorbeeld 1 Transkripsie van doopregisterinskrywing uit Roodezand (later Tulbagh) gemeente se doopboek.

No. 82	't kint Vader	<i>Simon Hendrik Jan Willem Barkhuijsen</i>	Datum 1779
166	Moeder Getg-	<i>Jacomina Jansen van Rensburg Hendrik Eksteen junior, Magdalena Marrick , Simon Hendrik Barkhuijsen.</i>	<i>op 2 Octob</i>

Dit is dieselfde bron as die vorige voorbeeld maar met verskillende vrae. Hierdie keer gaan dit oor interne kritiek.

Tipiese vrae oor die inhoud van die bron, wat kinders in 'n vraestel sal kry, is gebaseer op die volgende vier aspekte, : onttrek inligting, verklaar begrippe, konteks en interpretasie.

Onttrek inligting

Vrae oor watter inligting in die bron is, net soos ons as genealoë inligting uit 'n bron onttrek. In hierdie voorbeeld gaan dit veral oor name, geboortedatums en plekke. Wie was die ouers? Hoeveel getuies was daar? Dis maklike, maar baie belangrike vrae: wie? wat? waar? wanneer?

Verklaar begrippe.

Leerlinge moet die betekenis van begrippe in die bron kan verduidelik.

Bv. Verduidelik kortliks wat jy verstaan onder die volgende begrippe:

- (a) doop
- (b) getuies, ens.

Konteks.

Onthou net dat die inligting/antwoorde van hierdie vrae is NIE IN die bron nie.

Daar kan nogal baie kontekstuele vrae oor die bron gevra word. Bv. Waarom het hulle in Tulbagh gedoop? Wie was die predikant?, Watter gebou het bestaan as kerkgebou tydens die doop, Wat was die situasie van die familie op daardie stadium? Hoeveelste kind is dit wat gedoop word? Was hulle gevestig? Op trek? Wie was die getuies? Wat is die verwantskap van die ouers met die getuies? ens. ens.

Die interessantste kontekstuele vraag in hierdie bron is die teenwoordigheid van ene Simon Hendrik Barkhuysen, as doopgetuie. Daar het moontlik, behalwe nou vir die klein dopeling, Simon Hendrik, net een ander Simon Hendrik Barkhuysen op aarde bestaan. En dit is die broer van Jan Willem Barkhuysen, wat op daardie stadium in Surabaja, Batavië, as sieketrooster in die VOC se diens was. Het hy spesiaal, Kaap toe gereis vir die doop van sy broerskind, wat ook Simon Hendrik, soos hy heet?

Interpretasie.


In hierdie doopinskrywing is daar, uit die aard van die tipe bron, geen persoonlike perspektief of interpretasie van 'n derde persoon nie.

NOG VOORBEELDE VAN INTERNE EN EKSTERNE KRITIEK

Soos ek gesê het, gaan ek 'n paar voorbeelde uit my eie genealogiese versameling neem en nie noodwendig skoolgeskiedenisemas nie. Maar die tipe vrae bly mos dieselfde.

Ter wille van volledigheid sal ek ook verskillende tipes bronne as voorbeelde gebruik, net om te wys hoe elke bron sy eie unieke interne en eksterne kritiek het.

Voorbeeld 2a Foto van Johan Willem Barkhuysen se grootboekinskrywing uit die oorspronklike skeepsjoernaal van die Kievitsheuvel



Voorbeeld 2b Transkripsie van die grootboekinskrywing van JW Barkhuysen uit die skeepsjoernaal van die Kievitsheuvel

In't Schip Kievitsheuvel
Johan Willem Barkhuysen van Hoorn
Zoldaat niet Cmt [skuldbrief]

1765	15 9 ^{ber}	DE Compt	op 2/m gasie ophand	18	
"	"		Schuld aan H Grimmerberg	150	
"	"		1 kist	4	5
"	"		t' absenteers van d' monstring	4	10
"	"	Mans wolle pakken	1/2 gr	2	6
"	"	Schoenen	1 paar	1	16
"	"			f180	17

Albei is primêre bronne maar 2a is 'n foto van die oorspronklike terwyl 2b 'n tanskripsie is. Bron 2b se betroubaarheid kan bevraagteken word.

Daar is baie inligting wat onttrek kan word soos datums en name.

Begrippe soos gasie en monstring kan gevra word.

'n Oulike interpretasie is die "9ber".

Voorbeeld 3

Hierdie bron bevat uittreksels uit een van twee briefies wat die familie "ontdek" het in 'n klein geelhoutkissie tussen die besittings van 'n kleinseun van die stamvader. Die brief is geskryf aan die Barkhuysen stamvader deur sy ouer broer, Carl Dietrich.

Broer Barckhausen *Hanover 14 Junie 1770*

Hartlike groete liewe broer.

Ons is verheug om uiteindelik weer 'n brief van jou kry en te weet dat jy nog lewend is. Maar wat het gebeur nadat jy destyds geskryf het dat jy begin somer jouself verbind het, om eksamen by die Kamer af te lê en as onderkoopman in Oos-Indië by 'n handelspos te gaan werk? My God, hoe gebeur dit, het jy ons probeer mislei, of watter omstandighede het jou daartoe gebring? As jy nog nie getroud is nie en nog nie jou geluk voor oë sien nie, verbind jou liever dan nog nie. ...

..... Ek kan nie sê hoe my vrou wonder en ontsteld is oor jou [verlowing?] nie...

...Hoe gaan dit met broer Simon in Surabaya? Jy is die eerste en beste om vir hom nuus oor die familie te stuur, moet dit nie nalaat nie.

...Ek sê vaarwel en wees verseker dat ek in alle liefde jou getroue broer bly.

Carl Dietrich Barckhausen

Asseseringstandaard	Vraag	Moontlike antwoord.
Tipe bron.	Is dit 'n primêre of sekondêre bron?	Primêre bron. Maar nie 'n oorspronklike primêre bron nie.
Betroubaarheid	Is die bron betroubaar.	Die skrywer van die brief kan bepaal word. Dit is die stamvader se broer. Inligting korreleer met ander bronne. Die feit dat die transkripsie nie 'n oorspronklike primêre bron is nie mag die betroubaarheid beïnvloed.
Onttrek inligting uit bron	Wat is die datum waarop die brief geskryf is.	14 Junie 1770
	Watter werk sou Jan Willem Barkhuysen, volgens die familie gaan doen het?	In Oos Indië op kantoor gaan werk.
	Wie is die persoon wat die brief geskryf het?	Carl Dietrich Barckhausen
Begrippe	Verduidelik wat met "Oos-Indië" bedoel word?	Gebied/versamelnaam vir die VOC se handelsposte in die Ooste.
	Waar is "Surabaya"?	'n Belangrike hawe op eiland Java (Batavië)
Analise (konteks)	Wat is die rede waarom Jan Barkhuysen nie in Oos-Indië uitgekome het nie.	Hy is in die hospitaal opgeneem en in die skeepsjoernaal is aangeteken dat sy situasie "gechangeerd" is.
Interpretasie van bron	Wat is die houding/perspektief van die briefskrywer oor die situasie van sy broer?	Hy is ontsteld dat sy broer in die Kaap en nie 'n "koopmans assistent in Oos-Indië" is nie.

Analise van 'n foto – Voorbeeld 4

Behalwe dat die volgende voorbeeld 'n visuele bron (foto) is, het ek dit gekies om te wys hoe jongmense belangstelling in geskiedenis kry deur die besef dat hulle voorvaders en hul eie familiegeskiedenis deel van historiese gebeure was.

So 'n jaar of wat gelede is Zane in my matriekklas. Ek het geweet sy ma is 'n Barkhuizen. Vir Zane, 'n tipiese tiener seun, is die geskiedenis nie altyd so interessant nie.

Terwyl ons die Groot Depressie (1929) en die voorafgaande tydperk, die "roaring 20's", behandel, wys ek die kinders 'n videogreep uit "Youtube" van die Charleston dans. Die dogters lag lekker oor die "flappers" – vrouens wat na die Eerste Wêreldoorlog uit die Victoriaanse engheid ontsnap het. Flappers het sonder 'n chaperone uitgegaan, in die openbaar gerook, drankies gedrink, hare en rokke korter gedra.



Dis toe dat ek die idee kry om hierdie foto van Zane se oupa- en ouma grootjie as onderrigbron te gebruik. Die leerlinge het die volgende inligtingsbronne gekry: die troufoto, die huweliksertifikaat en 'n bladsy met inligting oor die modes van die tyd. Die kinders moes toe die volgende vrae antwoord:

(Ek gee weer voorbeelde van 'n vraag, die vaardigheid wat geleer word tussen hakies en die moontlike antwoord.)

1. Wanneer het die huwelik plaasgevind? (onttrek inligting uit bron) Antwoord: Die huwelik het plaasgevind in 1928
2. Wat is die adres soos op die huweliksertifikaat gegee? (onttrek inligting) Sunnyside, Pretoria
3. Wat word die tydperk 1920's in die VSA genoem? (Analise agtergrond/konteks) Antwoord: Roaring 20's, "sewe vet jare"
4. Lees die bron oor die flapper styl en verduidelik hoe die trourok en troupak voldoen aan die mode. (onttrek inligting en analise van agtergrond/konteks) Antwoord: Die trourok is 'n pragtige voorbeeld van die "flapper"-styl uit die 1920's. Let op na die hare wat in 'n kort bob gesny is en die sluier wat bo vas is aan 'n "mob cap" of ook 'n "clock hat" genoem. Die sluier is ook tipies geborduur. Sykouse is dikwels net tot onder die knie gedra en die rok is kort sodat hulle die charleston kon dans. Die skoene wat sy aan het is Mary Janes maar T-straps was ook gewild. Die ruiker met die baie groen blare is kenmerkend. In Brittanje is nog meer loof as in die VSA gebruik. Christoffel het 'n modieuse dubbelbors pak aan. Dink maar aan Al Capone se pakke uit hierdie tydperk.
5. Wat word die internasionale ekonomiese krisis genoem wat 'n jaar na die troue plaasgevind het. (konteks) Antwoord: Groot Depressie.
6. Gebruik jou kennis van die ekonomiese krisis en verduidelik die probleme waarmee hierdie jong getroudes heel waarskynlik mee te doen gekry het. (Analise van die tydperk/konteks) Antwoord: Die leerders se antwoorde sou dit waarskynlik reg gehad het dat Christoffel en Mary van die plaas na die stad verhuis het en tipiese verstedelike Afrikaners was. Hulle bly in Sunnyside. Die depressie sou hulle waarskynlik in armoede laat leef het. Werk was skaars. Hulle het finansieel gesukkel en die omstandighede het moontlik veroorsaak dat hulle later geskei is. Sewe kinders in 9 jaar.
7. Watter gevolgtrekking kan jy maak oor hulle geaardheid? die tipe mense wat hulle was? (Interpretasie). Antwoord: ongeag armoede en was hulle baie bewus van internasionale modes.

Terwyl ons nou na 'n foto as bron kyk kan ons vinnig iets oor die eksterne kritiek van 'n foto sê. Alhoewel 'n foto deur 'n ooggetuie van 'n gebeurtenis geneem is, moet kinders verstaan dat mens nie seker kan wees dat dit 'n akkurate beeld is van wat gebeur het nie. 'n Fotograaf het 'n spesifieke doel in gedagte en hierdie doel moet bevraagteken word. Die gebruik van Photoshop skep tans 'n groot krisis in die bepaling van betroubaarheid.

ANALISE FOTO'S – Voorbeeld 5



Alhoewel 'n paar mans op die foto onbekend is, gee dit 'n mooi beeld van ons Wes-Transvaal familie wat byna almal betrokke was by transport na Rhodesië.

Baie kontekstuele inligting is ter sprake soos die transportroetes. Op die foto is die transportwa, 'n aangepaste ossewa, met die verpakking van die vrag 'n interessante tema.

ANALISE VAN KUNSWERK- Voorbeeld 6



'n Skildery deur Charles Mitchell van sy gunsteling kamppek op Keurboomsrivier, die Barkhuizen stamvader se plaas.



'n Eietydse foto, van Mitchell se kamppek, wat van ongeveer dieselfde plek geneem is.

'n Kunswerk is baie subjektief. Kuns is 'n skilder se persoonlike weergawe van die werklikheid. Skilders soos, Mitchell en Charles Bell het in die tyd voor fotografie waardevolle kunswerke nagelaat. Dit is die enigste visuele rekords wat van die tydperk beskikbaar is.

'n Moontlikheid van interne kritiek (om bv bruikbaarheid van inligting te bepaal) is om die kunswerk met ander skriftelike verslae te vergelyk. Of met 'n eietydse foto soos hierbo.

Ek sal ook 'n vraag vra oor hoekom die tekening met die eietydse foto verskil.

3.3.6 NOTAS

U besef natuurlik dat die vrae oor bronne wat vir kinders in 'n eksamen gevra word, eintlik maar die vaardigheid/tegniek van "notas afneem" oefen.

Die antwoorde op die vraestel is met ander woorde eintlik die notas wat 'n historikus oor 'n bron sou maak.

'n Navorser moet die inligting, wat verkry is deur vrae oor die bronne te vra, aantekene en in 'n formaat stoor waar dit weer gebruik kan word vir die skryf van 'n verslag.

NOTAS OOR ALLE INLIGTING UIT DIE BRONNE

As mens na die verskeidenheid vrae wat oor bronne gevra word kyk beteken dit dat daar oor baie aspekte notas gemaak word. Bv. Tipe bron, betroubaarheid, inligting in die bron, betekenis van begrippe, agtergrondinligting, die perspektief van die skrywer, vooroordeel ens. Al hierdie inligting kan in jou uiteindelige navorsingsverslag gebruik word.

FORMAAT VAN NOTA: AANHALINGS, PARAFRASEER, OPSOMMING, EIE WOORDE, EIE INTERPRETASIE.

In 'n vraestel vereis ons van die leerlinge om soms 'n aanhaling en soms net eie woorde te gebruik. Maar meer dikwels moet dit albei wees. Ons wil sien dat die leerling gedink het oor wat die skrywer sê. Parafrasering word aangemoedig want dit is alreeds jou EIE woorde en dit is al 'n regte stap in die rigting van jou skryfstuk.

Notas wat bestaan uit lang aanhalings wat uit 'n bron oorgeskryf is, is eintlik in wese maar plagiaat wat met 'n bronverwysing versier word. Ek sien dikwels dat leerlinge wat nie verstaan wat die bron sê nie sommer lang stukke uit die bron aanhaal in die hoop dat die eksaminator iets sal kry wat reg is. As kinders in die eksamen bv. net die hele bron oorskryf word hulle gepenaliseer, omdat die nasiener dink hulle vat 'n kans omdat hulle nie die belangrike dele kan raaksien nie.

Skryf die inligting uit die bron dadelik in jou eie woorde en sluit 'n bronverwysing in. Dis JOU navorsing, JOU skryfstuk en daarom JOU woorde. Maar seker as jy sekere dele aanhaal om ook "aanhalingstekens" in jou notas te sit. Baie mense het al probleme met plagiaat gehad en die verskoning is gewoonlik dat hulle nie besef dis die skrywer se woorde nie want hulle het die aanhalingstekens vergeet.

Ek hou persoonlik nogal baie van aanhalings. Veral die Nederlandse verwysings sê 'n ding so mooi. Ek moet myself dikwels dwing om die aanhalings kort te hou en te integreer met my eie interpretasie.

- Maak die bron se naam deel van jou nota as jy aandag op die spesifieke gesaghebbende bron wil vestig.
- Gee 'n inleidende sin en dubbelpunt voor die aanhaling in aanhalingstekens. Weef die aanhaling in jou eie sin in.
- Sit aanhalings van meer as drie reëls in 'n blok. Sorg dat die aanhaling aansluit by voorafgaande en verduidelik waarom die aanhaling gebruik word.
- Begin 'n sin met eie woorde en sluit af met aanhaling. Verkieslik nie andersom nie.

Wees versigtig om uit konteks aan te haal. 'n Paar woorde uit 'n brief kan 'n heel ander betekenis hê as dit alleen gebruik word sonder om die breë strekking van die brief in ag te neem.

'n Belangrike aspek van notas maak is om dadelik 'n tema en kategorie (en ook die bron se naam) aan die nota toe te ken.

Spelling, hoofletters en punktuasie moet akkuraat aangehaal word, behalwe as jy ou spelvariasies verander en dit dan op 'n geleë plek vir die lesers verduidelik.

NOTA KAARTJIE


Ek het aanvanklik in 1970's begin om kaartjies te maak soos alle historici maar daardie tyd notas geneem het. Hier is 'n voorbeeld van 'n nota-kaartjie

◎	◎
Brief 1 My eie argief	Stamvader JWB Sy familie se perspektief oor verblyf in Kaap
<p>Jan Willem Barkhuysen se broer, Herman Dietrich, en sy skoonsuster is baie geskok oor die feit dat hy, ondanks drie keer se versekering, nou in die Kaap is en nie 'n kassier in die Ooste nie. Hy vra verwytdend "<i>het jy ons probeer bedrieg of watter omstandighede het jou daartoe gebring?</i>" Hy verwys na die Kaap as "<i>vreemde land</i>"</p>	
<p><u>My opmerkings:</u> Lyk of JWB oppad Ooste toe was. Was daar onmin in die familie? Lyk of JWB hardkoppig/eiesinnig was. Dalk maar net tipies tiener/jongmens (19jaar)? Dalk het familie nie geweet wat met hom gebeur het nie?</p>	

Die vindplek van die bron is links bo. In geval van 'n sekondêre bron moet die skrywer, titel en bladsynommer aangeteken word. Die kode/sleutelwoorde en kategorie is regs bo. Die res is die nota, opsomming in my eie woorde, aanhaling en my eie gedagtes daaroor.

LEGACY/PAF/ Family Origins ens

So met verloop van tyd het ek my kaartjenotas begin oorplaas na 'n rekenaar. Soos meeste van julle, gebruik ek tans ook 'n genealogiese rekenaarprogram om sekere van die inligting soos name datums en plekke van geboorte, doop en sterftes, te stoor.



NOTABLADSY

Vir kultuur-historiese inligting gebruik ek maar bloot 'n MS Word dokument om die aantekeninge te stoor. As die kinders op skool 'n spesifieke navorsingstaak het, dan laat ek hulle die notas op dieselfde manier doen. Hulle moet net 'n kolom aan die kant oophou vir die kategorie of sleutelwoorde. Ek kan dan maklik na hulle notas kyk en daarvoor punte gee.

Moet nooit op altwee kante van 'n enigiets skryf nie. ONTHOU ALTYD om die titel, outeur en bladsynommer baie duidelik in jou notas aan te teken. Dit spaar ure se tyd.

'n Notabladsy sal iets soos die volgende lyk.

<p>KAB : MOOC 14/80 Deel1. Vol 19. 2 (Boedel Jacobus Botha 'd oude) Ongenommerde bladsy.</p> <p>Brief gedateer 27 Januarie 1782 geskryf deur weduwee Marik, gerig aan haar pa Jacobus Botha, 'd oude.</p> <p>Sy verwys na 'n vorige skrywe van Jacobus Botha waarin hy verwys na 'n aanbod van Rds50 wat hy vir 'n plaas gekry het. Sy sê dat sy by haar pa se besluit oor die plaas berus, maar sy dink dat haar pa die plaas maar aan "<i>neef Barkhuijse</i>" moet verkoop want hy sal "<i>wel meer daarvoor geve</i>" as iemand anders.</p> <p>Sy verwys ook daarna dat haar pa en ma altyd die plase bymekaar wou hou. En daarom moet haar pa maar die plase aan "<i>de arme man</i>" moet verkoop want daar is niemand meer geskik as hy nie - "<i>omdat 't niemant meer gelege komt als hem</i>"</p> <p>Verwysende na Barkhuysen se vrou, Jacomina, sê sy dat haar vader "<i>niggie Mientjie</i>" solank moet "<i>buijte hou tot de gedoente van de engelsche</i>" verby is. (Moes sy maar alleen buite op Kykoe bly terwyl Barkhuysen opgeroep is om reg te wees vir 'n moontlike Engelse inval?)</p>	<p>Sara Helena Ferryne (stiefdogter Jac Botha) wed Marik, wed Paasen</p> <p>Kliprivier, Kykoe in die Langkloof</p> <p>Koop van Kykoe Kykoe en Kliprivier as eenheid – bly in familie barkhuysen geskikte koper vir plase -familie</p> <p>Verwagte Engelse inval Barkhuysen militêr Jacomina</p>
<p>KAB : MOOC 14/80 Deel1. Vol 19. 2 (Boedel Jacobus Botha 'd oude) Ongenommerde bladsy.</p> <p>Dagboek gehou deur Jacobus Botha van alle saketransaksies. 800 beeste op Kykoe</p>	<p>Gebruik van Kykoe deur Botha.</p>
<p>KAB : MOOC 14/80 Deel1. Vol 19. 2 (Boedel Jacobus Botha 'd oude) Ongenommerde bladsy.</p> <p>Eis van Jan Barkhuysen teen die boedel van Jacobus Botha vir die gebruik van Barkhuysen se ossewa terwyl hy en Botha "in maatskappy" was.</p>	<p>"maatskappy" tussen Botha en Barkhuysen</p>

In bostaande voorbeeld kan die volgende aspekte van notas duidelik gesien word.

Bron se naam en vindplek.


Parafrasing/eie woorde /Aanhalings

Sleutelwoorde/kategorie.

APARTE LYS VAN BRONNE

Hou 'n aparte lys van alle bronne geraadpleeg. Hierdie lys kan ook op 'n kaartjiesel of 'n lys van bronne wees. Ek probeer 'n bronnelys, met 'n verdeling van die verskillende kategorieë bronne, heelyd op datum hou.

3.3.7 ONDERHOUDE AS BRON



Danksy die mondelinge tradisie in Afrika gee ons in geskiedenis onderrig tans baie aandag aan mondelinge bronne. Kinders kan ook kies om 'n mondeling navorsingtaak te doen.

Dr. RTJ Lombard wys op die belangrikheid van onderhoude as 'n beginpunt vir familienavorsers. Goeie kennis van die familie skep ook vertroue by die informant maar 'n opvolgbesoek is dikwels nodig.

Onderhoude is tipiese kwalitatiewe navorsing. Met ander woorde dit gaan oor menings, persepsies, ervarings van mense. Baie van die stories kan bloot legendes of wolhaarstories wees maar dit moet ingesluit word. Dit is deel van die familietradisie.

Die wetenskaplikheid van onderhoude as bron lê in die prosedure, bv. die vrae, die keuse van die groep vir onderhoude, die metode van seleksie van inhoud, ens.

Ek wys die leerlinge daarop om die onderhoud met 'n **oop** vraag te begin. – gewoonlik die navorsingsvraag. Dr. Rentia Landman stel voor dat jy 'n persoon vra om sy lewensverhaal te vertel as 'n begin. Dis 'n lekker oop vraag. Daarna voorafbeplande vrae. Mense moet dikwels in die regte rigting aangepor word. Belangrik om te vra om uit te brei oor aspekte of om 'n woord of begrip te verklaar.

Ek gee ook bietjie advies oor die etiese aspekte bv. die respondent moet weet wat die doel van die onderhoud is, die gebruik daarvan verder, dat respondente se name nie noodwendig in die verslag genoem word nie, maar pseudonieme, mense moet toestemming gee vir klankopname ens.

Wees geduldig: Gee genoeg tyd vir iemand om te dink oor die vraag. Gee aandag aan die toon en trant.

Hoofaspekte van mondeling inligting:

Klankopname

'n Klankopname is amper onontbeerlik. Mens kan net nie alles neerskryf wat iemand vertel nie. En hou maar 'n oë op die opnemer want tegnologie breek as mens dit die minste verwag.

Transkribeer. Tik alles oor. Selfs die "uuhs" en "aahs" gee betekenis. Gesprekke is kompleks, met baie verskuilde boodskappe.

Analiseer. Analise van 'n onderhoud is maar dieselfde as vir enige ander bron. Los 'n kolom in die kantlyn oop. Ken kodes / toe vir elke sinsnede. En dan die moeilike deel – maak kategorieë waarby die kodes inpas.

Sintese

Dit is dieselfde as vir enige ander inligting. Sien die volgende afdeling.

4. SINTESE VAN INLIGTING

Met al die bronne geanaliseer (ontleed/uitmekaargehaal), en die inligting tot die navorsers se beskikking, moet die dele weer in 'n nuwe navorsingsverslag bymekaargevoeg (sintese) word.

Die assesseringstandaard waarop kinders se sintese vaardigheid getoets word is "**Organiseer inligting op 'n logiese wyse**"

- Voeg inligting bymekaar wat bymekaar hoort en wat die navorsingsvraag beantwoord.
- Sodra alle stukkie in konteks geassesseer is kan hipoteses en gevolgtrekkings gemaak word- met die fokus op die beantwoording van die vraag wat gestel is. Die interpretasie moet ondersteun word deur die inligting uit die bronne.
- OJO Ferreira het aan die einde van elke hoofstuk gevolgtrekkings oor die karakter van individue gemaak.

Ek leer sintese vir die kinders met 'n praktiese oefening.

- Ons knip die inligting (sinne/sinsnedes) uit twee of drie bronne uit en plak dit op 'n kaartjie.
- Skryf die naam van die bron op die kaartjie.
- Kodeer die data.
- Skryf die moontlike kategorieë /temas ook op die kaartjie.
- Rangskik die kaartjies volgens kategorie (wat die VRAAG beantwoord.)

Die organisasie van die inligting in jou verslag hoef nie noodwendig 'n baie akademiese verhandeling te wees nie. Daar is ook meer globale maniere om inligting te organiseer, soos om 'n "woordportret te verf", of net bloot die storie te vertel, of 'n collage te maak van data wat oorgebly het nadat die vraag beantwoord is.

Die volgende uittreksel uit 'n familieregister is 'n voorbeeld van 'n sintese of samevoeging van inligting, uit verskeie dokumente, in 'n logiese orde.

Johann Nicolaus Wilhelm BARCKHAUSEN, (ook genoem Jan Willem BARKHUYSEN) *Nieder Eichholz 30.05.1746 †Kykoe, distrik George 1812 (sv Nicolaus BARCKHAUSEN en Anna Catharina CLEBE) X Kaapstad 8.11.1771 Jacquemina JANSE VAN RENSBURG ≈Tulbagh 7.4.1756 †"Kykoe", distrik George 1826 (dv Nicolaas JANSE VAN RENSBURG ≈22.06.1731 en Alberta VAN ROOYEN *7.10.1728).

Ons is gelukkig dat ons al hierdie name, plekke gebeurtenisse en datums in 'n rekenaarprogram kan stoor en wat dit ook in hierdie formaat uitdruk.

Om egter antwoorde op ander vrae soos "hoe?" en "waarom?" te beantwoord is 'n perd van ander kleur. Om die storie te skryf is veel moeiliker.

5. Skryf 'n navorsingsverslag/artikel/ opstel gebaseer op die bronne

Op skool sal leerlinge 'n opstel van so twee tot vier folios moet skryf, maar vir ons genealoë sal dit 'n tipiese Familia-tipe artikel of hoofstukke vir jou boek wees.

5.1 Argument.

Voordat die kinders die navorsingsopstel skryf gee ons eers aandag aan die beplanning van 'n goeie argument en die organisasie van die inligting.

'n Argument is maar soos 'n gesprek met iemand vir wie se intelligensie jy respek het. Veral as daardie persoon se vrae jou deur 'n gekompliseerde probleem help dink. Jou argument in navorsingsverslag is soos 'n dialoog met die leser.

'n Goeie argument het vier elemente: Standpunt– getuienis – waarborg – kwalifiserings.

- 'n Standpunt (claim) – is wat jy wil hê jou lesers moet glo. Dit moet eksplisiet gestel word. Die standpunt is sentraal, dit moet leser se aandag trek, dit moet betwisbaar en substansieel wees. Die standpunt is natuurlik die antwoord op jou navorsingsvraag.

Bv. Jan Willem Barkhuysen se leiersrol en ekonomiese vooruitgang is te danke aan sy opleiding in koophandel en sy vrou Jacomina se uitgebreide familiebande.

- Getuienis, bewyse of gronde wat dit ondersteun. Bewyse moet duidelik gestel wees.
- 'n Waarborg – algemene beginsel wat verduidelik hoekom jy jou bewyse relevant vir jou standpunt is.
- Kwalifiserings wat jou standpunt meer presies maak. 'n Mens moet oppas vir 'n stoomroller argument deur vir die lesers 'n houding oor te dra van: "*hier is my standpunt en drie bewyse, en basta –gee pad of stem saam*". 'n Argument is selde 100% akkuraat. Om 'n argument te kwalifiseer kan byvoorbeeld wees om foutiewelike aannames/mites oor jou getuienis reg te stel of toe te gee aan sekere besware. Jy kan ook hier wys op die betroubaarheid van getuienis of die gebrek aan ondersteunende inligting vir 'n bewys.

Een van my opvoedkunde proffies het hierdie formule gee om die argument te onthou. 'n Formule lyk baie wetenskaplik en dit is seker makliker om te onthou maar dit wys eintlik maar net wat jy alles met die getuienis uit bronne moet doen.

A=G (a+sp+sk+e) +G

Argument = **G**etuienis (**a**naliseer getuienis+ **b**espreek getuienis + **b**eskryf getuienis + **e**valueer getuienis) + **G**evolgtrekking

5.2 Organisasie: Paragrafe, hoofstukke en dele

Saam met die argument gaan die organisasie en samestelling van 'n raamwerk vir die navorsing.

Die organisasie van die hoofstukke of paragrawe, afhangende van die lengte van jou skryfwerk, kan chronologies, tematies of tematies-chronologies wees.

Ons leer die kinders dat sinne en paragrawe moet koppel. In die algemeen (maar net in die algemeen) moet die laaste woord/sin in sin/paragraaf A koppel met die eerste woord/sin in sin/paragraaf B.

Ek werk hard om die kinders te leer om deurgaans ook terug te verwys na die hoofsaak – die vraag waarmee jy besig is. Verwys deurgaans terug maar ook waarheen jy oppad is. So word die leser deur die boek begelei. Gee die leser heeltyd 'n idee waarmee jy besig is.

In die inleiding sê jy wat jy gaan doen, dan doen jy dit in die opstel en in die slot sê jy wat jy gedoen het.

5.3 Die inleiding

Om 'n goeie inleiding te skryf is nogal moeilik vir skoolleerlinge. Dit is moontlik omdat die inleiding baie insig verg van wat in die res van die navorsing staan. Dit fokus op die navorsingsprobleem en die respons daarop. Baie algemene fout is dat kinders dink die vraag moet in die inleiding gestel word en die antwoord in die slot.

Die inleiding het drie belangrike elemente: konteks – probleem/vraag – respons/antwoord.

Konteks.

Dis maklik om te sê dat jy met die eerste sin aandag moet trek en dan vertel jy die lesers gou wat jy wil sê. 'n Verspote aanhaling of storie mag dalk jou aansien skade doen. Aan die ander kant is 'n sin soos "*Jan Barkhuysen in op 14 Maart 1746 gebore*" die mees verveligste wat jy kan kry.

Dit is goed om so gou moontlik die leser te wys binne watter konteks die verslag afspeel. 'n Oulike interessante aanhaling, algemene opmerking of gebeurtenis wat direk op die navorsingsvraag fokus, is nodig.

Na die openingskuif volg gewoonlik wat ons konteks noem. Dit sal die huidige stand, siening en agtergrondinligting oor die navorsingsvraag stel.

Stel van die probleem.

Om by die probleem uit te kom word die leser nou eers bietjie ontwrig. Woorde soos MAAR, AAN DIE ANDER KANT, ALHOEWEL, ontwrig die konteks wat in die vorige sinne gestel is. Dit skep die omkeer /ontkenning en die probleem. Dit skep 'n gevoel van: "Leser, jy dink jy weet iets, maar dit is onvolledig en foutief".

Met die stel van die probleem word die toestand van die probleem gewoonlik omskryf. Sinsnedes soos die volgende word dikwels gebruik: "Nuwe inligting", "die ou kennis maak nie sin nie", "dit pla ons al lankal", ens ens.

'n Mens sien dikwels in akademiese skryfwerk dat die koste van "nie weet nie" vir die leser uitgespel word. Bv. Hoe kan ons trots wees op ons familie as ons nie weet van die swaarkry tydens die oorlog nie?

Die oplossing/antwoord/respons op die probleem.

Dan word die sentrale standpunt/hoofgedagte (s) van die navorsing bekend gestel. Hierdie hoofgedagtes gee ook vir die leser 'n idee wat verder in die verslag volg.

Ek laat die kinders baiekeer 'n "roetekaart" vir die leser insluit. bv. "In die eerste deel" "Daarna word die volgende bespreek"

5.4 Bepaal die omvang van agtergrond, definisies en voorwaardes

Na die inleiding moet jy besluit wat jou lesers nou onmiddelik moet weet, verstaan of glo voordat hulle enigiets verder sal verstaan. Baie skrywers brei op hierdie stadium verder uit oor die probleem. of hulle gee definisies, verklaar terminologie, stel die grense van hul eie navorsing, verwys na vorige navorsing, verduidelik hoe die numering werk, ens ens.

Die gevaar is dat mens tientalle bladsye kan afstaan aan iets wat die leser (veral iemand wat die veld ken) dink van die punt af is. Sorg dat die deel met agtergrond net genoeg inligting bevat sodat die leser maklik jou verdere argument kan volg en verstaan.

5.5 Aanhalings

Die skrywers, Barzun en Graf, sê aanhalings is illustrasies van dit wat jy wil sê en nie bewyse nie. Aanhalings is voorbeelde van die getuies wat gebruik om jou argument te beklink. Aanhalings oortuig nie die leser nie. Dis jou getuie as deel van die argument en wat lesers oortuig.

Hou aanhalings kort en integreer dit met jou teks. En dis seker nie vir my nodig om te sê dat jy nie ander se aanhalings kan gebruik en dan maak of jy die oorspronklike bron geraadpleeg het nie. Hierdie kortpad is nie die moeite werd nie. Haal aan wat jy self gelees of gehoor het.

Let op na die tekens: aanhaling " ", aanhaling binne 'n aanhaling " ` ` ", Uitlaat van woorde (3 kolletjies) ... , invoeg vir duidelikheid [], korreksie van opvallende fout [sic], Titels in *skuinsdruk*

5.6 Skryf beteken herskryf. Rofwerk pogings.

Ek vertel altyd die storie van ou navorsers se skrywersblok en hoe hulle vertel dat hulle die heelyd hul potlode skerpmaak en regskeer maar nie aan die skryf kan kom nie. Die beste manier om te skryf is om so gou moontlik 'n eerste poging/ rofwerk te skryf. Of skryf gou 'n opsomming van wat jy al gedoen het.

My rofwerk is vinnig en morsig terwyl my vrou se rofwerk skoon en suiwer is. Sy kan nie met die volgende sin aangaan terwyl die eerste een nie reg is nie.

Skep 'n ritueel. Spesifieke tye, kry die lessenaar, rekenaar, lig en koffie reg. Ek hou daarvan om heelyd elke stukkie inligting as 'n stelling in 'n subargument te beskou. bv.

Jan Willem Barkhuysen het sy pos verloor as heemraad oor sy standpunt tydens die Swellendamse opstand.

*Watter getuienis dui daarop dat sy **standpunt** oor die Swellendam opstand verband hou met sy heemraadschap?*

As hy sy heemraadschap verloor het beteken dit dat hy onpopulêr geword het. *Watter getuienis dui daarop dat as iemand sy heemraadschap verloor het hy **onpopulêr** moet wees?*

5.7 Voetnotas en bronnelys

Voetnotas en 'n bronnelys wys vir die leser dat die inligting oop is vir verifiëring. Voetnotas kan ook gebruik word vir aanvullende teks wat die vloei van die verslag sal raak. Daarom word dit na 'n voetnota geskuif. Voetnotas word meestal vir bronverwysings gebruik. .

Ons laat kinders op skool na bronne verwys deur, binne die teks, net die bron in hakies te sit.

Die bronnelys aan die einde van 'n navorsingstuk bly 'n vereiste.

6. BRONNE GEBRUIK VIR HIERDIE ARTIKEL

Barzun, J., & Graff, H. (1977): Modern researcher.
 Booth, W. Columb & Williams, J (1995): Craft of Reseach.
 Henning, E en Gravett, S(2002): Finding your way in academic writing.
 Lombard, RTJ, (1977): Handleiding vir genalogiese navorsing.
 Aantekeninge van die Gauteng Onderwysdepartement.
 Verskeie internetbronne: